**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 14 JULIE 2026 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel) (skakel om 09:03 in)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur: Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PC van Niekerk | : | Direkteur: Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur: Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2026**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna ‘n oomblik van stilte gehandhaaf word.

***

**BKN002/07/2026**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur: Finansiële Dienste – afwesig met verskoning (Phoenix strategiese sessie)
Bestuurder: Strategiese Dienste - siekverlof

***

**BKN003/07/2026**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/07/2026**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: WOENSDAG 17 JUNIE 2026**
**3/3/2/2**

***(Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Woensdag 17 Junie 2026 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN005/07/2026**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 17 JUNIE 2026**
**3/3/2/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

BKN015/06/2026

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die vergadering met die myn geskeduleer was vir Woensdag 08 Julie 2026, maar nie kon plaasvind nie as gevolg van die motorongeluk waarin die Bestuurder: Strategiese Dienste betrokke was. ‘n Alternatiewe datum sal geskeduleer word.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Woensdag 17 Junie 2026.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN006/07/2026**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: WOENSDAG 17 JUNIE 2026</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/07/2026**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/07/2026**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester</u>:

- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste in 'n motorongeluk betrokke was en wens hy haar sterkte toe met die herstelproses;
- Dat mnr. G Brink (werksaam in die Tegniese Dienste Direktoraat) op Maandag 06 Julie 2026 oorlede is en wens hy die familie sterkte toe in die moeilike tyd; en
- Dat hy verneem het dat twee (2) amptenare van Bergrivier Munisipaliteit met ernstige siektes gediagnoseer is en wens hy hulle sterkte toe.

<u>Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder</u>:

- Dat die Bergrivier Kanoemaraton op Woensdag 15 Julie 2026 in Paarl afskop en op Saterdag 18 Julie 2026 in Velddrif eindig, en wens sy alle roeiers sterkte toe; en
- Dat 'n vergadering geskeduleer is vir Donderdag 16 Julie 2026 met verteenwoordigers van die nasionale departement van Publieke Werke, welke insluit 'n besoek aan hul eiendom te Vesperstraat sowel as 'n gesprek rakende die Gholfbaan en Trajekte Kamp).

<u>Verklarings/mededelings deur die Speaker:</u>

- Geen

***

**BKN009/07/2026**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/07/2026**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/07/2026**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN012/07/2026**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN013/07/2026**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**
**9/1/2**

a) Tegniese Dienste

Die Direkteur: Tegniese Dienste gee kortliks terugvoer rakende die vordering met die instandhouding van die onderskeie rioolwerke. Hy rapporteer dat 'n aansoek om befondsing by die Waternavorsingskomissie ingedien is, waarvan terugvoer teen September 2026 verwag word.

Die Munisipale Bestuurder wens die Direkteur: Tegniese Dienste geluk met die kapitaalspandering, asook die bereiking van 100% MIG-spandering, en versoek dat haar dank en waardering aan die Direktoraat oorgedra word.

Op navraag van Raadslid Moolman rakende die kragonderbrekings in die Velddrif-gebied, rapporteer die Direkteur: Tegniese Dienste dat die kragopwekkers tans ondersoek word om vas te stel of daar enige foute voorkom. Hy bevestig dat terugvoer aan die Komitee gelewer sal word sodra addisionele inligting beskikbaar is.

Die volgende versoeke word gerig:

- Dat addisionele vullisdromme in Wyk 4 beskikbaar gestel word;
- Dat aandag geskenk word aan die omheining van die area op die hoek van Malan- en Kennystraat, Porterville;
- Dat daar dringend aandag gegee word aan Freesiastraat, Piketberg, waar onwettige plakkery en swak omgewingstoestande gesondheidsrisiko's inhou; en
- Dat die verbindingspad na die Piketberg-reservoir skoongemaak word.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

b) Gemeenskapsdienste

Raadsheer Wessels gee kortliks terugvoering rakende die Trajekte Kamp, waarna 'n breedvoerige gesprek volg.

Die Direkteur: Gemeenskapsdienste onderneem om voor die einde van die dag (Dinsdag 14 Julie 2026) met die prokureur in verbinding te tree ten einde te bepaal watter stappe onmiddelik geneem kan word.

***DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE***

Op navraag van Raadslid Moolman rakende diereversorging in die Velddrif/Dwarskersbos-gebied, gee die Direkteur: Gemeenskapsdienste kortliks terugvoer oor wysigings aan bepaalde voorsieningskanaalregulasies wat die toekenning van hulpbefondsing beïnvloed.

Die Munisipale Bestuurder onderneem om die aangeleentheid met die Direkteur: Finansiële Dienste op te neem en sal versoek dat die toepaslike wetgewing, asook die kategorieë uitgawes of organisasies wat as hulptoekennings kwalifiseer, tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE***

c) <u>Finansiële Dienste</u>

Raadsheer Daniels rapporteer dat hy die “Public Sector Finance Seminar” bygewoon het en beveel aan dat elke Direktoraat 'n verteenwoordiger afvaardig om die seminaar by te woon, aangesien dit waardevolle insigte en kennis bied.

d) <u>Korporatiewe Dienste</u>

Raadslid Moolman rapporteer dat die nuutaangestelde Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste in diens getree het op Woensdag 01 Julie 2026. Voorts bedank hy die Direkteur: Korporatiewe Dienste en sy span vir die bereiking van 100% kapitaalspandering.

e) <u>Uitvoerende Burgemeester</u>

Die Munisipale Bestuurder bedank in besonder die Hoof: Strategiese Dienste vir die bereiking van 100% kapitaalbesteding in die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, wat hoofsaaklik aan die RSEP-projek in Velddrif toegeskryf kan word.

Raadsheer Wessels versoek dat die verslag rakende die RSEP-projek in Velddrif aan die Raadslede beskikbaar gestel word ten einde die Raadslede in staat te stel om navrae vanuit die publiek te beantwoord.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy waardering uit vir die goeie kapitaalbesteding deur al die Direktorate en versoek dat sy dank aan alle amptenare oorgedra word.

***

**BKN014/07/2026**
**<u>AIR QUALITY MANAGEMENT PLAN (AQMP)</u>**
**17/12/5**

Raadslid Moolman lei die item in.

Na aanleiding van ‘n navraag deur Raadsheer De Vries rakende die oormatige rookvrystellings veroorsaak deur PPC, versoek die Munisipale Bestuurder die Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte om terugvoer van die Weskus Distriksmunisipaliteit aan te vra oor die vergaderings wat met PPC gevoer is, en om sodanige terugvoer aan die Korporatiewe Dienste Komitee voor te lê.

***OMGEWINGS-BEPLANNINGS-BESTUURSBEAMPTE***

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. The contents of the report be noted; and
2. That Council adopts the final Bergrivier Municipality Air Quality Management Plan (AQMP).

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN015/07/2026**
**COASTAL MANAGEMENT PROGRAMME (CMP)**
**17/12/7**

Raadslid Moolman lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Omgewingsbeplanningsbestuursbeampte.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. The contents of the report be noted; and
2. That Council supports the appointment process for a specialist consultant to strategically refine the Bergrivier Municipality CMP.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN016/07/2026**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2026**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for May 2026.

***

**BKN017/07/2026**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: MAY 2026**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council takes note of the May 2026 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN018/07/2026**
**INKOMSTEBESTUUR MAANDVERSLAG: MEI 2026**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die Inkomstebestuur werksaamhede vir die periode 01 tot 31 Mei 2026; en
2. Dat kennis geneem word dat daar gedurende Mei 2026 geen tydelike aanstellings gemaak was nie.

***

**BKN019/07/2026**
**FINANSIËLE VERSLAG: MEI 2026**
**5/1/1**

Raadslid Moolman lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN020/07/2026**
**PROCUREMENT PLAN: KWARTAAL 4**
**9/1/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN021/07/2026**
**TERUGVOERING VAN DIE ACTIVE BOX: 01 APRIL 2026 TOT 30 JUNIE 2026**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN022/07/2026**
**GEÏNTEGREERDE PADBLOKKADES: 01 APRIL 2026 TOT 30 JUNIE 2026**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN023/07/2026**
**VERKEERSBOETES: 01 APRIL 2026 TOT 30 JUNIE 2026**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN024/07/2026**
**BESTUUR VAN OORTYD: JUNIE 2026**
**9/1/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN025/07/2026**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN026/07/2026**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN027/07/2026**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN028/07/2026**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN029/07/2026**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN030/07/2026**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:36***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE*
*NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***